

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 32: Behar (Op die Berg) en **Parashah 33: B'chukkotai** (Volgens My Bepalings)

יהוה het met Moshe gepraat op die berg Sinai en gesê: Lev. 25:1–PWL¹.

As julle volgens My reëls loop en My opdragte hou en dit doen – Lev. 26:3.

Torah: Lev. 25:1 tot 26:2 en Lev. 26:3 tot 27:34.

Haftorah: Jer. 32: 6 tot 27 en Jer. 16:19 tot 17:14.

Nuwe Verbond:

Parashah 32: Luk. 4:16 tot 21; Matt. 19:21; 26:11; Mark. 10:21; 14:7; Luk. 14:13,21; Hand. 11:29; Jak. 2:5; Gal. 6:7-10; 1 Joh. 3:17; Jak. 1:9 tot 11; Jak. 5:1 tot 6; Matt. 5:3; 1 Kor. 7:21 tot 24.

Parashah 33: Matt. 7:21 tot 27; Rom. 1:18; Rom. 2:2 tot 10; Efes. 5:1 tot 7; Kol. 3:1 tot 10; 1 Thess. 1:10 en 1 Thess. 5:9; Open. 11:18; Open. 14:10 en 19; Open. 15:1; Open. 16:1 en 19.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 32 wat afgelaai kan word by: [Parashah32Notas14](#) en [Parashah32Notas15](#) en [Parashah32Notas16](#) en Parashah 33 by: [Parashah33Notas14](#) en [Parashah33Notas16](#).

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL_(Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Truth without love is brutality, and love without truth is hypocrisy – Warren Wiersbe.

Experience is a cruel teacher; first it gives the exam and then the lesson – Anonymous.

Torah Bespreking

Hersiening

Met parashah 33 kom ons aan die einde van die derde boek van die Torah, naamlik Levitikus (*Vayikra*), wat hoofsaaklik die onderrig en instruksies is om rein en afgesonder voor YHVH te lewe. Dit vorm die basis vir 'n voorspoedige en ordelike samelewing wat YHVH se sêninge deelagtig sal wees.

Levitikus kan oorhoofs beskou word as die “teoretiese” onderrig in die boek van die wet, naamlik die Torah van Moses wat aan Israel gegee is na die aanbidding van die goue kalf en wat gedien het as die tugmeester (gids) tot Yeshua gekom het (Gal. 3:24 en 25). Die volk is nou gereed om die tog na die Beloofde Land aan te pak en wat nou gaan volg is die praktiese toepassing van dit wat Moses hulle geleer het! Nou gaan dit oor daaglikse keuses wat elkeen sal moet maak volgens wat in Torah geskryf staan. Gaan Israel altyd die regte keuses maak?

Het ons soos Israel van ouds geleer wat Vader-God se wil vir ons alledaagse lewe is – Sy wil soos dit vir ons volgens die nuwe verbond uitgespel word? Maak ons elke dag die regte keuses volgens ons Vader se wil?

Vayikra beteken: *Hy het geroep!* YHVH het ons onder die nuwe verbond geroep om terug te keer na die hart van ons voorvaders Abraham, Isak en Jakob (Mal. 4:6) voordat die groot en vreeslike dag van YHVH aanbreek (Mal. 4:5). Onthou: Ons Hebreuse wortels begin by Abraham en by die verbonde van belofte (Efes. 2:12) en nie by Rabbynse Judaïsme nie!! Gaan ons in die geloofsvoetspore van ons voorvaders en van ons Meester Yeshua wandel, of gaan ons dieselfde foute as Israel van ouds maak?

Paulus skryf aan die Korinthiërs en gee 'n kort opsomming van Israel se wildernistog:

¹My broers, ek wil hê dat julle moet weet dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see gegaan het, ²almal deur Moshe ingedoopt is in die wolk en in die see, ³almal dieselfde geestelike kos geëet het ⁴en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike Rots wat saam met hulle was en die Rots was Die Gesalfde Een. ⁵Nogtans was God met die meeste van hulle nie tevrede nie, want hulle het geval in die wildernis. ⁶Hierdie dinge is 'n voorbeeld vir ons dat ons nie begerig moet wees na boosheid soos hulle begeer het nie. ⁷en ook nie dienaars van afgode moet wees soos sommige van hulle was nie; soos geskrywe is: “Die mense het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel.” ⁸Laat ons ook nie seksueel immoreel wees soos sommige van hulle seksueel immoreel was en daar op een dag drie en twintig duisend geval het nie. ⁹Laat ons nie ook Die Gesalfde Een toets soos sommige van hulle Hom getoets het en slange hulle vernietig het nie. ¹⁰Ons moet ook nie kla soos sommige van hulle gekla het en deur die vernietiger vernietig is nie. 1 Kor. 10:1 tot 10.

As gelowiges in Yeshua is ons wildernistog in hierdie wêreld soortgelyk aan dié van Israel van ouds. Ons word ook voortdurend blootgestel aan versoekinge, beproewinge en vleeslike begeertes. Daarom sê Paulus:

Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom. Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. 1 Kor. 10:11 en 12.

Onthou: 'n Hele geslag van Israel het in die wildernis gesterf en kon nie die Beloofde Land ingaan nie! Dit herinner ons aan die woorde van Yeshua toe Hy gesê het:

Gaan in deur die nou hek, want die hek wat na vernietiging lei is breed en die pad wyd en baie gaan in, maar die hek is klein en die pad smal wat na die lewe lei en daar is min wat dit vind! Matt. 7:13 en 14

Nie elkeen wat vir My sê: 'My Meester, my Meester,' sal ingaan in die Koninkryk van die hemel nie, maar hy wat die wil van My Vader, wat in die hemel is, doen. Op daardie dag sal baie vir My sê: 'My Meester, my Meester, het ons nie in U Outoriteit en Karakter (Naam) geprofeteer en in U Outoriteit en Karakter demone uitgedryf en in U Outoriteit en Karakter baie kragtige dade gedoen nie?' Dan sal Ek vir hulle sê: 'Ek het van die begin van tyd af nie met julle 'n verbondsooreenkoms gehad nie. Gaan ver weg van My af, julle wat teen die wet werk!' Matt. 7:21 tot 23.

Ons is van die 'slawejuk' van die Christendom bevry om YHVH as koninklike priesterdom te dien volgens die orde van Melgisédek en volgens die Torah van die nuwe verbond en nie meer volgens die Levitiese priesterode en die Torah van Moses nie! Daarom moet ons versigtig wees om nie volgelingen van Rabbynse Judaïsme te word nie, want soos die Christendom bevat dit ook ernstige elemente van misleiding!

Die 'goeie pad' wat die profeet Jeremia na verwys (Jer. 6:16), is die pad wat ons by ons eindbestemming sal bring, naamlik Yeshua Die Gesalfde Een en YHVH se Hemelse Koninkryk. Rabbynse Judaïsme wys vir ons 'n ander pad en hulle weier om die pad van Yeshua as die Lam van God tot sondevergifnis en versoening met YHVH-God te loop!

Dit herinner ons aan die woorde van ons Meester Yeshua:

²⁴Elkeen wat daarom na hierdie boodskappe van My luister en dit doen, sal vergelyk word met 'n wyse man wat sy huis op 'n soliede rots bou ²⁵en die reën het geval en die waterstrome het aangestorm en die winde het teen daardie huis gewaai en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die soliede rots. ²⁶Elkeen wat hierdie boodskappe van My hoor en dit nie gehoorsaam nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op sand bou ²⁷en die reën het geval en die waterstrome het aangestorm en die winde het teen daardie huis gewaai en dit het inmekaargeval en sy val was groot." Matt. 7:24 tot 27.

Yeshua is ons Soliede Rots!! Daarom waarsku Paulus toe hy gesê het:

want as iemand kom en 'n ander Yeshua verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander goeie boodskap as wat julle ontvang het, kan julle maklik oortuig word. 1 Kor. 11:4.

Rabbynse Judaïsme verkondig 'n ander Messias as wat ons verkondig en hulle het 'n ander gees ontvang as wat ons ontvang het en hulle verkondig 'n vals evangelie van redding met die gevolg dat baie word maklik deur hulle leringe bekoor!

Bepeins of Bespreek

1. Norman Willis van Nazerene Israel skryf: *Most of us have gone through a lot of changes, and many trials. Most of us have suffered a lot of separation from family, and friends, and*

former fellowship, just to get where we are today. All I need to say to you is, "Let's keep going." But it is essential never to think that we have arrived, just as Shaul did not think that he had attained, or was perfected. Lees Fil. 3:12 tot 15.

2. Daar is talle gelowiges wat Yeshua as Messias bely wat eendag sal sê: *Maar ek het gedink daar is geen veroordeling vir die wat in Yeshua is* (Rom. 8:1)! Ja, maar wanneer Rom. 8:1 tot 11 in konteks gelees word, maak Paulus dit duidelik dat daar geen veroordeling is nie vir die wat in Yeshua deur die Afgesonderde Gees gelei en geleer word om in alles gehoorsaam te wees!
3. By herhaling het die geskiedenis bewys dat die mens te midde van waarskuwings en duidelike gevaartekens onwillig is om effektief en regstellend op te tree. Eers wanneer die situasie versleg tot op die punt waar oorlewing ter sprake kom, sal die mens daadwerklike pogings aanwend om wat verkeerd is te wil regstel. Dit is gewoonlik dan te laat en die gevolge is gewoonlik rampspoedig. Ons leef in die tyd wat Paulus beskryf as *die einde van die wêreld het by ons aangekom* en daarom vermaan hy ons elkeen soos volg: *Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie* (1 Kor. 10:11 en 12). Die tyd vir regstellende aksie is nou!!

Priester en Dissipel

Ons reistog van die ontdekking van die volle openbaring van YHVH se geregtigheid is een van vertroue tot vertroue (Rom. 1:17) wat met wedergeboorte begin het. Die dag toe ons in ons hart geglo het en met ons mond bely het dat Yeshua die Messias is, het ons die geregtigheid van God in Yeshua geword (1 Kor. 5:21). Maar dit was slegs die begin van ons ontdekkingsreis van wat YHVH se geregtigheid behels.

Wedgeboorte is dan ook die dag toe YHVH ons geroep het en ons op sy roepstem geantwoord het. Ons kan dit vergelyk met die Hebreuse naam van Levitikus, naamlik *Vayikra* wat afgelei is van Lev. 1:1 en wat lees: *YHVH het Moses geroep.....* Maar die begin van Moses se roeping was die dag toe die Engel van YHVH aan hom in 'n vuurvlam uit 'n doringbos verskyn het en vir hom gesê het: *Moses, Moses* en hy geantwoord het: *Hier is ek* (Ex. 3:2 tot 4). Dit was die begin van Moses se roeping as dienaar van die Allerhoogste! Moses het vir die res van sy lewe YHVH in die woestyn gedien, terwyl hy die openbaring van YHVH se geregtigheid ontvang het en verkondig het!

So het YHVH elkeen van ons geroep om Hom in die wildernis van hierdie lewe te dien. YHVH het ons elkeen geroep om 'n koninklike priester te wees. Daarom skryf die Apostel Petrus dat ons 'n koninklike priesterdom is:

9Julle is 'n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, 'n afgesonderde volk, bymeekaargemaak en bevry, om die lofprysinge van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig, 10julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort.
1 Pet. 2:9 en 10.

Die priesters van die Levitiese priesterorde was volgens geboorte, uit die nageslag van Aäron, en hulle is aangestel en gekies om bepaalde dienswerk te verrig. Net so word ons deur wedergeboorte in die amp van priester volgens die orde van Malgisédek aangestel om dienswerk in YHVH se Koninkryk te verrig.

Die belangrike verskil is dat ons deur wedegeboorte aangestel word as priesters en nie soos die Leviete deur natuurlike geboorte nie. Maar daar is ook 'n ander baie belangrike verskil wat Gerrie Coetzee uitlig in sy lering: “Verandering in die Praktiese Wet”, naamlik:

Malki-Tzedek was koning van Salem (Jerusalem) en priester van die Allerhoogste.

Malki-Tzedek, die koning van Shalem, nie-Levitiese priester van El-`Elyon (Die Allerhoogste, Magtige God), het brood en wyn uitgebring. Gen. 14:18.

Hierdie Malki-Tzedek was koning van Shalem, nie-Levitiese priester van God Ha'Elyon (die Allerhoogste), wat vir Avraham ontmoet het by sy terugkoms na die slagting van die konings en hom geseën het. Heb. 7:1.

Dit is lank voor die Leviete of die instelling van die Levitiese priesterorde.

20Hy het dit aan ons bevestig deur 'n eed, 21want hulle was priesters sonder 'n eed, maar Hy met 'n eed, soos wat Hy, deur Dawid, van Hom gesê het: “יהוה het 'n eed gesweer en Hy sal nie lieg nie: U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek,” 22waarvolgens Yeshua van 'n baie beter verbond die waarborg is. Heb. 7:20 tot 22.

'n Interessante ontdekking uit die Aramees. Vier-en-twintig keer in die brief aan die Hebreërs en in die Tanakh word 'n ander woord vir priester gebruik. Dit word slegs by Jetro – Moses se skoonpa en Medianitiese priester van die ware God en by Malki-Tzadek priester van die Allerhoogste gebruik en slegs vir Yeshua in die nuwe verbond. Almal nie-Levitiese priesters.

Die Levitiese priesters word *kohen* genoem, maar Yeshua word *kumrea* genoem. Volgens Ps. 110:4 is Yeshua priester net soos Malki-Tzedek!

יהוה het gesweer en sal nie lieg nie: “U is 'n nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die voorbeeld van Malki-Tzedek.”

In Aramees word Yeshua korrek as priester, wat nie vanuit Levi is nie, aangedui en dus voor die Torah van Moses.

Daarom lees ons in Hebr. 3:1 tot 6 die volgende:

1My afgesonderde broers, wat deel in die hemelse roeping, dink daarom versigtig aan Yeshua, Die Gesalfde Een, wat ons openlik erken as God se Afgevaardigde en nie-Levitiese Hoofpriester. 2Hy is vertrouenswaardig teenoor God wat Hom aangestel het, net soos Moshe in God se hele huishouding getrou was, 3want hierdie Een se lof en eer is baie meer as die van Moshe, soveel as wat hy wat die huis gebou het, baie meer eer het as die huis, 4want elke huis word deur iemand gebou, maar Hy wat voortdurend alles bou, is God. 5Moshe was as 'n dienskneg toevertrou met die hele huis, tot getuienis van wat nog deur Hom gesê sou word, 6maar Die Gesalfde Een as Seun oor Sy huis. Ons is Sy huis as ons die vrymoedigheid en die trots van Sy goeie Boodskap tot die einde toe vashou.

Nou is Yeshua ons Hoofpriester. Hy kan offer en die verlossing bring. Hy het aan elke vereiste voldoen!
(Einde van aanhaling)

Daarom bevestig die skrywer van die brief aan die Hebreërs dat daar ‘n verandering in die Torah van Moses (die wetboek) plaasgevind het:

*12*Net soos daar ‘n verandering in die priesterskap gekom het, net so was daar ‘n verandering in die reëls, *13*want Hy van Wie hierdie dinge gesê word, behoort aan ‘n ander stam, waaruit niemand nog ooit by die altaar bedien het nie, *14* want dit is bekend dat ons Meester vanuit Y’hudah opgegroeï het; ‘n stam waarvan Moshe niks aangaande die priesterskap gesê het nie. Heb. 7:12 tot 14.

Yeshua is ons Hoof *Kumrea* volgens die orde van Melgisédek en daarom is ons elkeen wat vertrou in Yeshua as Die Gesalfde Een ‘n *kumrea* van die Melgisédekorde wat volgens hierdie orde se Torah moet leef. Ons is nie-Levitiese priesters in YHVH se Hemelse Koninkryk! Dit word ook bevestig deur Johannes in die Openbaring van Yeshua:

en ons ‘n koninkryk van priesters gemaak het vir God, Sy Vader; aan Hom die eer, lof, aanbidding en die heerskappy vir tydlose ewigheid! Dit is waar. Open. 1:6.

Die slotsom is dat daar ‘n Melgisédek priesterorde van die begin af was – voor die Torah van Moses. Die Levitiese priesterorde wat ingestel was na die aanbidding van die goue kalf was daarom ‘n ‘tussentydse’ maatreël tot Yeshua se koms. Nou is die Melgisédek priesterorde heringestel. Die Levitiese priesterorde se taak is afgehandel!

Wat ook interessant is, is die woord “verandering” in Heb. 7:12 – Net soos daar ‘n **verandering** (*metatithēmi* – G3346; *to transpose; two things, one of which is put in place of the other*) in die priesterskap gekom het, net so was daar ‘n **verandering** (*metathesis* – G3331 – *transferral to heaven*) in die reëls. Die Torah van Messias, naamlik die Torah van Melgisédek van die nuwe verbond het dus die Torah van Moses vervang en die reëls (die Torah) van die aardse koninkryk is oorgedra na die Hemelse Koninkryk.

So kon die sondofferwet in Yeshua deur sy eenmalige offer volheid bereik en is dit nie meer fisies nodig nie. Die wet van priester word, saam met die voorskrifte van die offerandes, is in Yeshua volbring.

Priester en dissipel

Opsommend was die taakoms krywing van die Levitiese priesters om Moses se voorskrifte nougeset te volg en ander ook so te leer. Hulle kan dus ook as die “dissipels” van Moses beskou word, want Moses was ‘n sinnebeeld van Yeshua. Die Leviëte moes hulle eie belange prysgee en in totale afhanklikheid van YHVH lewe.

Dieselfde beginsels geld onder die nuwe verbond! Ons is die dissipels van Yeshua en ons doen diens as priesters. Ons volg die voorskrifte van Yeshua nougeset na en ons leer ander ook so. Ons moet ook ons eie belange prys gee en in totale afhanklikheid van ons Vader leef.

Maar ons het die voordeel bo die Levitiese priesterorde deurdat ons met die Afgesonderde Gees gevul word en ons sekere gawes van Gees en sekere bedieninge ontvang om ons taak suksesvol uit te voer. Daarom lees ons in Ef. 4:11 tot 15 die volgende:

En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Die Gesalfde Een, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ‘n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Die

Gesalfde Een; sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluide om listiglik tot dwaling te bring; maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Die Gesalfde Een.


Die priesters (dissipels) van die Melgisedekorde het verskillende bedieninge. Daar is apostels, profete, herders, evangeliste en leraars. Kortliks is hulle taakoms krywing soos volg:

- Apostels se taak is om te organiseer en te koördineer, asook om uitspraak te lewer aangaande Torah.
- Profete gee ondersteuning, maar waarsku en bemoedig ook.
- Herders (Pastore) is verantwoordelik vir die versorging van die gemeente, naamlik van die wat uitgeroep en afgesonder is deur YHVH en op gereelde basis bymekaar kom en saam as eenheid funksioneer om YHVH se Koninkryk te vestig.
- Evangeliste “werf” nuwe volgelinge.
- Leraars is verantwoordelik om nuwelinge, asook die gemeente te leer.

Die priesters (dissipels) word ook toegerus met die gawes van die Afgesonderde Gees soos ons lees in 1 Kor. 12:7 tot 11:

Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is. Want aan die een word deur die Gees ‘n woord van wysheid gegee, en aan die ander ‘n woord van kennis vanweë dieselfde Gees; aan ‘n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan ‘n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees; aan ‘n ander werkinge van kragte, aan ‘n ander profesie, aan ‘n ander onderskeiding van die geeste, aan ‘n ander allerhande tale, aan ‘n ander uitleg van tale. Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil.

Die ‘organisasiestruktuur’ en wyse van funksionering van die priesterorde van Melgisedek lyk dus soos volg:



Die vyfvoud bediening en die gawes van die Afgesonderde Gees dien alles as bewys van die verandering wat in die Torah van Moses plaasgevind. Soos reeds genoem, het die Torah van

Messias, naamlik die Torah van Melgisédék van die nuwe verbond, die Torah van Moses vervang en die reëls (die Torah) van die aardse koninkryk is oorgedra na die Hemelse Koninkryk

Bepeins of Bespreek:

1. Die hele Israel het die wolkkolom in die woestyn gevolg, maar slegs 'n 'klein groepie' was priesters. So het baie vir Yeshua gevolg, maar slegs 'n klein groepie was Sy dissipels! Wat is die verskil tussen 'n volgeling van Yeshua en 'n dissipel? Is die antwoord: 'n Dissipel lê sy lewe af vir Yeshua, maar 'n volgeling voeg Yeshua by sy lewe! 'n Dissipel gee alles en 'n volgeling wil alles ontvang! Onder die nuwe verbond soek YHWH nie net volgelinge nie! Nee, want die opdrag van Yeshua was om dissipels te gaan maak (Matt. 28:19)!
2. Wag jy dat die derde tempel gebou moet word en die Levitiese priesterorde weer ingestel moet word? Indien jou antwoord hierop 'ja' is, beveel ek aan dat jy luister na die lering van Tom Stapleton: "The Great Temple Deception" wat beskikbaar is by die volgende skakel: <https://www.youtube.com/watch?v=eZIXGizBjiA>

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHWH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.